

---

---

# Opvoedende onderwysessensies ter bevordering van die “beste belang(e) van die kind”

*Prof. IJ Oosthuizen*  
*Fakulteit Opvoedkunde*  
*Noordwes-Universiteit*  
*10055568@nwu.ac.za*

*Prof. JL van der Walt*  
*Fakulteit Opvoedkunde*  
*Noordwes-Universiteit*  
*Hannesv290@gmail.com*

## **Abstract**

**Educative teaching and learning for the promotion of the “best interests of the child”**

*After centuries of neglect, the best interests of children were brought centre-stage in 1924 with the Geneva Declaration of the Rights of the Child. This Declaration was followed by a series of further declarations, legislation and lawsuits in which the rights of children and their best interests were entrenched, and outlined in more detail. While these documents acknowledge the importance of employing education for promoting the best interests of the child and occasionally refer to the notion of education as teaching and learning for the purpose of equipping the learners with knowledge and life-skills, they seldom progress to a sense of education as the intentional life-view or religion-based formation of the child. Based on their interpretive-constructivist approach, the authors suggest that this shortcoming be addressed in the South African*

*schooling system, despite current statutory obstacles. They proffer two outlines to this end, the first of intentionally formative educational/educative teaching and learning in a generic sense, and then one from an intentional-reformatory perspective.*

## **Opsomming**

*Na eeue van verwaarlosing van die beste belange van die kind bring die Geneefse Verklaring van die Regte van die Kind in 1924 'n kentering. Hierdie Verklaring is opgevolg deur 'n hele aantal soortgelyke verklaringe, wetgewing en regsuitsprake waarin die regte van kinders en die beste belang(e) van die kind verskans en verfynd word. Hoewel hierdie dokumente die opvoeding en onderwys van die kind as in sy of haar beste belang erken en hier en daar ook die gedagte vergestalt dat die kind daardeur toegerus moet word met kennis en lewensvaardighede, bestee hulle nie die nodige aandag aan die gedagte van opvoeding en onderwys as die intensionele (doelbewuste en -gerigte) lewensbeskoulik-religieus-begronde vorming van die kind nie. Op grondslag van hulle interpretatief-konstruktivistiese benadering doen die outeurs aan die hand dat hierdie tekortkoming in die Suid-Afrikaanse skoolstelsel uit die weg geruim behoort te word ten spyte van bestaande statutêre struikelblokke. Met die oog hierop verskaf hulle twee riglyne, eerstens 'n generiese oorsig van wat opvoedende onderwys in die algemeen behels, en dan een vanuit 'n intensioneel-reformatoriese gesigspunt.*

## **Key words:**

**education, teaching, learning, rights of the child, best interest of the child, reformatory education**

## **Sleutelwoorde:**

**opvoeding, onderwys, onderrig-leer, regte van die kind, beste belang(e) van die kind, reformatoriese onderwys**

---

## 1. Inleiding

Gedurende die afgelope eeu het nasionale en internasionale instansies sterk gefokus op die bevordering van die regte van die kind. In dié tydperk het regsbegrippe soos die “beste belange van die kind” na vore gekom en algaande ’n groot rol in openbare verklarings oor die onderwys en in onderwyswetgewing gespeel. Hierdie verskerpte fokus op die kind was bes moontlik ’n reaksie op die vroeëre verwaarlosing van kinders se regte. Daar het in die nywerheidslande van die vroeë twintigste eeu min of geen standaarde bestaan aan die hand waarvan die kind se regte en belange beskerm kon word nie (Kirby, 1995:2). Kinders het byvoorbeeld sy-aan-sy met volwassenes in onhigiëniese en onveilige omgewings soos ondergronds in steenkoolmyne gewerk. Die bepalinge van die *Geneefse Verklaring oor die Regte van die Kind* in 1924 het egter ’n groot verbetering in die behartiging van kinders en hulle belange gebring. Dié *Verklaring*, wat gerig is op die welsyn van die kind, het gestel dat elke kind die reg tot ontwikkeling, bystand en beskerming het en dat “humanity owes to the Child the best that it has to give” (Geneva Declaration, 1924).

## 2. Probleemstelling

Teen die agtergrond van die *Geneefse Verklaring* sowel as ander internasionale verklarings soos die Verenigde Volkere-organisasie se *Universele Verklaring van Menseregte* (1948), die *Verklaring van die Regte van die Kind* (1959) en die *Konvensie van die Regte van die Kind* (1989) is die belange van die kind ook in die Suid-Afrikaanse Grondwet in 1996 opgeneem (SA, 1996). Die tweeling-artikels wat die beste belang van die kind pertinent verskans is 28 (die regte van die kind) en 29 (die reg op onderwys). In artikel 28(1) word die belange van die kind verskans, insluitend die reg op ’n naam, nasionaliteit, gesinsorg of alternatiewe vorms van versorging, liggaamlike en geestelike gesondheid, voeding, gesondheid en maatskaplike sorg, die reg op aanneming, sosio-ekonomiese beskerming, en op verteenwoordiging in siviele sake, sowel as die reg om nie aan mishandeling, verwaarlosing en uitbuitende arbeidspraktyke blootgestel te word nie (Currie & De Waal, 2018:603- 619). Artikel 28(2) verskans die regte van die kind op ’n onmiskenbare wyse as dit stel: “’n kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak”.

Hoewel die kind se reg op onderwys nie pertinent vermeld word in die lys van kinderregte in die artikel 28 nie, kom dit wel in artikel 29 na vore waar die kind se reg op onderwys erken word (SA, 1996). Die Verenigde Volkere-organisasiedokument *The Right to Education* (VVO, 1999) verwys tereg ook na die reg op onderwys as ’n bemagtigingsreg (*empowerment right*) en stel dat onderwys ’n instrument is wat kinders (en andere) kan uitlig uit ’n staat van armoede en uitbuiting.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat daar ’n probleem bestaan rondom die betekenis van die Engelse woord “education” soos dit in die vermelde dokumente gebruik word. In die algemene omgang, soos die *Cambridge International Dictionary of English* (2002:442) stel, beteken die woord “to teach (someone), especially, using the formal system of school, college or university, or to give knowledge or understanding of a particular subject to (someone)”. Die Dietse tale soos Nederlands, Duits en Afrikaans is in hierdie opsig soepeler omdat hulle oor verskillende woorde beskik om die onderskeie toerustingshandelinge mee te benoem. So, byvoorbeeld, word “onderwys” gebruik vir die proses of handeling om bepaalde kennis, kundigheid en vaardighede by iemand tuis te bring (vgl. Duits “Ausbildung”).<sup>1</sup> “Opvoeding” word weer gebruik vir wat Nussbaum (2011:23) in generiese terme omskryf as “leading, guiding, unfolding, nurturing, shaping, developing, training and equipping”,<sup>2</sup> dit wil sê die volledige vorming van iemand, gewoonlik ’n minder volwasse persoon (vgl. Duits “Erziehung”).

Dit wil voorkom of die amptelike (regs-)dokumente waarna hierbo verwys word, hoofsaaklik “education” in die betekenis van “onderwys” in die oog het en nie “education” in die betekenis “opvoedende onderwys”, dit wil sê as die breë, omvattende, ook lewensbeskoulik-religieuse, vorming en toerusting van die kind, nie. ’n Mens kan dit aflei uit programme soos *Education for All* (UNESCO, 2000). Hierdie program, aanvaar deur die Dakar Framework in April 2000, het ten doel “[to meet] the learning needs of all children, youth and adults by 2015”. In hierdie doelstelling word selfs “education” in die betekenis van “onderwys” verskraal tot slegs die leer-element, en die onderrig- en opvoedingselemente skynbaar heeltemal buite rekening gelaat. Ander inisiatiewe van die United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) se Konvensie oor die Regte van die Kind (UNESCO, 1995), die Algemene Konvensie van 2001 (UNESCO, 2001)

---

1 Die woorde “Bildung” en “Ausbildung” skyn in sommige kontekste egter ook die breër betekenis van “opvoeding” te hê.

2 Hierdie lys van opvoedingsessensies geld alle vorme van opvoeding, waar dit ook al plaasvind of aangetref word.

---

en die reeds vermelde *Verklaring oor die Regte van die Kind* (UNESCO, 1957) skyn ook meer besorg te wees oor die onderwys as oor die totale omvattende (insluitend lewensbeskoulik-religieuse) opvoeding/vorming van die kind. Dieselfde geld die United Nations High Commissioner for Refugees (UNHCR, 2008) se riglyne vir die bepaling van die beste belange van vlugtelingkinders. Dit geld ook vir Suid-Afrikaanse regstoepassings deur houe rakende die beste belange van die kind, soos hieronder aangetoon word.

Selfs waar in hierdie internasionale en nasionale onderwysbeleidsdokumente verwys word na aspekte van die onderwys wat op die oog af wyer en dieper slaan as die blote bybring van kennis en vaardighede by kinders, is daar nie die nodige aandag aan die diepgaande en omvattende (insluitend lewensbeskoulik-religieuse) vorming en toerusting van die kind wat ons hier in die oog het nie, veral nie as 'n mens sodanige vorming en toerusting vanuit reformatoriese perspektief in gedagte het nie. Die omvattende *South African National plan of action for children 2012–2017 (SA, 2013) handel byvoorbeeld oor voeding, saamleef met HIV en VIGS*, gestremdhede, die omgewing, die kind en beskerming, en lewenstandaard, maar nie oor die diepgaande lewensbeskoulik- en godsdienstig begronde toerusting van die leerders nie. Die *Screening, Identification, Assessment and Support-beleid (SIAS)* van die Departement van Basiese Onderwys (SA, 2014) meld die noodsaaklikheid van gesondheid, sosiale welsyn en psigososiale ondersteuning aan die kind, maar ook weer nie die omvattende lewensbeskoulik-begronde vorming en toerusting van die leerders nie. Onderwyswitskrif 5 oor *Vroeë Kinderontwikkeling* (SA, 2001) handel oor die beskerming en stimulering wat die brein 'n voorsprong kan gee, wat die kinders se vermoë om te leer versterk, hulle help om psigologiese veerkragtigheid op te bou en hulle in staat stel om by verandering aan te pas. Ook die *Nasionale Kurrikulumstelling vir Grade R-12* (SA, 2011) bevat soortgelyke riglyne: sosiale transformasie, aktiewe en kritiese leer, menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid, waardering vir inheemse kennisstelsels, houdings en gesindhede, bio-ekologiese hulpbronne, interne bates as beskermende faktore, inagneming van die ontwikkelingsfases van die kinders, die persoonlikhede van onderwysers en leerders, groepdinamika, klaskamerreëlings, konflik- en dissiplinebestuur, kultuur- en skoolorganisasie, eksterne hulpbronne as beskermende faktore, armoede, indiense neming, dwelmmisbruik, negatiewe invloed op die mens, kulturele waardes, godsdiens, misdaad en geweld – maar ook hier is nie sprake van omvattende en lewensbeskoulik-religieus begronde, vorming en toerusting van die leerders om hierdie kennis en vaardighede hulle eie te maak nie.

Die bedoeling van die betrokke onderwysbeleidmakers is klaarblyklik dat die beoogde kennis en lewensvaardighede in die konteks van die onderwys as onderrig- en leergebeure by die leerders tuisgebring moet word. Die nadruk hierby is gevolglik op die meetbare, die eksamineer- en assesseerbare. Die wyse waarop die onderrig en leer in skole tydens die COVID-19-pandemie benader is, versterk hierdie indruk. Cilliers (2020:2) berig dat onderwysbelanghebbendes tydens die pandemie van mening was dat “nie-noodsaaklike dele van die kurrikulum ... moontlik uit vanjaar (2020) se skoolleerplan gelaat [kan] word as deel van ’n omvattende oplossing om die skooljaar te red”. Hoewel dit nie by die naam genoem word nie, kan ’n mens aflei dat dit juis die nie-eksamineerbare en nie-meetbare aspekte van die kurrikulum – soos lewensbeskoulike vorming – sal wees wat in die slag sou kon bly. Die nadruk op die bevordering (slaag van eksamens en assessering) van matrieks en graad 7’s gedurende die pandemie toon waar die eintlike klem in die skoolonderwys lê.

Voorgaande uiteensetting van die voorgestelde en voorgeskrewe aspekte van die skoolonderwys toon dat skoolonderwys op ten minste drie onderskeibare dimensionele<sup>3</sup> vlakke verloop:

Die eerste en mees opvallende dimensie van die onderwys is die bybring van kennis en vaardighede deur onderrig-leerhandelinge of -gebeure, waar die vordering van die leerder deur assessering en eksaminering getoets word en wat lei tot bevordering tot ’n volgende skoolgraad, en uiteindelik hopelik tot skoolverlating.

’n Ontleding van die onderwysbeleidsdokumente waarna hierbo verwys is, lê ’n tweede, ietwat dieperliggende, dimensie van die skoolonderwys bloot, naamlik dat die kinders deur middel van hulle blootstelling aan klaskamer- en skoolaktiwiteite ook psigososiaal gevorm behoort te word ten einde hulle geestelik veerkragtig te maak, vir hulle lewensvaardighede by te bring en hulle te oriënteer op die lewe. Tot hierdie dimensie hoort onder meer hulle kennisname van omgewingskwessies, voeding, gestremdheid, lewenstandaardvraagstukke, beroepskeuse, menseverhoudinge en dies meer. Hierdie opvoedingsdimensie kan inderdaad as vormend en toerustend, dus opvoedend, van aard beskou word, maar in die huidige openbare skoolopset in Suid-Afrika kan hierdie dimensie van die opvoedende onderwys van die kinders nie anders as sekulêr-humanisties van aard wees nie.

---

3 Die woord “dimensie” het ’n hele aantal betekenisse. Die betekenis wat ons hier in die oog het is: ’n aspek of eienskap van ’n bepaalde situasie, in hierdie geval die (opvoedende) onderwys as situasie, handeling of gebeure.

Van die nog dieperliggende derde dimensie is daar geen of weinig sprake in openbare skole nie: die *doelbewuste* en *doelgerigte* (intensionele) lewensbeskoulik-religieus begronde toerusting, leiding en vorming van die leerders vir hulle lewenstaak en roeping.<sup>4</sup> Waar hierdie taak in die openbare skole wel aandag kry kan so 'n skool, ingevolge bestaande onderwyswetgewing en onlangse hofuitsprake in Suid-Afrika (en elders), ernstige kritiek verwag. Hlatshaneni (2020:5) berig onlangs weer hieroor:

Parents are still complaining about their children being exposed exclusively to Christian doctrine, despite the High Court in Johannesburg ruling three years ago that Gauteng public schools must align their policies with the constitution, which did not allow the exclusive promotion of a single religion.

Dit is in die huidige grondwetlike bedeling in Suid-Afrika nie meer moontlik nie, of ten minste baie moeilik, vir 'n openbare skool om in lewensbeskoulik-religieuse sin aandag te gee aan die vorming en toerusting van die kind in sy of haar totaliteit, soos waarop Van der Walt en Dekker (1983:33-4) 37 jaar gelede in die destydse Christelik-nasionale openbare skoolonderwyskonteks nog kon aandring.

Die probleem waaromheen die ondersoek waaroor in hierdie artikel verslag gedoen word, gewentel het, was: Aangesien dit in die beste belang van die kind is om volledige, omvattende opvoedende onderwys, in die *paideia*-sin van die woord (vg. Alt & Eberly, 2019:96; Säfström, 2019:610), dog veral in terme van al drie die gestelde opvoedende onderwysdimensies te ontvang, skyn die tans heersende onderwysbeleidsverklarings, sowel internasionaal as hier te lande, aangaande die beste belang van die kind, hoofsaaklik te fokus op die eerste twee dimensies van die onderwys wat hierbo geïdentifiseer is, naamlik die bybring van kennis en vaardighede, en die bemeestering van lewensvaardighede, albei op sekulêr-humanistiese grondslag. Die derde dimensie, dié van *intensionele* toerusting en vorming van die kind vir sy of haar lewensroeping en taak vanuit uitdruklik-gestelde en -voorgeleefde (konfessioneel) lewensbeskoulik-godsdiensstige perspektief, ontvang in openbare skole so goed as geen aandag nie aangesien dit strydig sou wees met die heersende onderwyswetgewing en selfs algemene tydsgees.

4 Waar hierdie taak doelbewus en -gerig vanuit Bybels-reformatoriese perspektief verrig word sal die opvoedende onderwys uitgaan van 'n Bybelse kindbeskouing (die kind as geskape wese, as geskenk van God, as beeld van God, die kind wat die drie groot mandate moet leer verstaan en uitvoer – die skeppingsmandaat, die liefdesmandaat en die gemeenskapsmandaat; die kind as gevalle en gebroke wese, as verlore wese in Jesus Christus, die kind as toekoms- en as verhoudingswese, die kind as geroepe wese, en dies meer).

Die sentrale teoretiese stelling van hierdie artikel is dat die internasionaal en nasionaal aanvaarde beginsel dat die beste belang van die kind in en deur die onderwys slegs volledig tot toepassing gebring kan word indien al drie vermelde dimensies van die opvoedende onderwys in die praktyk die nodige aandag ontvang.<sup>5</sup>

In die volgende afdelings van die artikel word ten eerste aandag geskenk aan die internasionale en ook die nasionale ontwikkeling wat die konsep “die beste belang(e) van die kind” gedurende die afgelope eeu ondergaan het. Daarmee saam is daar ook ’n oorsig gegee van die rol wat die onderskeie internasionale en nasionale regsverklaringe en -wetgewing in die proses gespeel het. Daarna verskuif die fokus na die Suid-Afrikaanse regstoepassing aangaande die beste belange van die kind. Die bespreking word daarna voortgesit met ’n generiese omskrywing van die opvoedingsessensies wat in die proses van opvoedende onderwys aandag behoort te ontvang. Dit word opgevolg met ’n uiteensetting van wat opvoedende onderwys vanuit ’n reformatoriese gesigspunt behels, en hoedat hierdie verdiepte opvatting van die vorming van die kind in sy of haar beste belang in die tersaaklike dokumente en wetgewing opgeneem sou kon word. Die uiteensetting wat hierna volg is gefundeer in die outeurs se Bybels-reformatoriese interpretatief-konstruktivistiese oriëntering (vgl. De Muynck & Van der Walt, 2006:13-50).

### 3. Die begrip “beste belang(e) van die kind”

Hoewel die Konstitusionele hofspraak *S v M* (2007) nie regstreeks met die onderwys of opvoeding te doen het nie, is hierdie hof se uitleg van die grondbegrippe wat in artikel 28(2) van die Grondwet gebruik word, insiggewend vir die tema van hierdie ondersoek. In hierdie regsgeeding was die vraagstuk van die beste belang(e) van die kind ter sprake omdat M, die aansoeker, as enkelouer van drie kinders korttermyn-gevangenisstraf in die gesig gestaar het weens bedrog. Die verdediging het namens haar vir strafversagting betoog deur aan te voer dat sy die primêre toesighouer van haar kinders is en dat die beste belang(e) van die kinders in aanmerking geneem behoort te word. Op die keper beskou het die hof hier te make gehad met ’n afweging van twee botsende belange. Die sleutelvraag was of

---

5 Ons gee toe dat dit, gegewe die huidige grondwetlike bedeling in Suid-Afrika, so goed as onmoontlik is om die derde dimensie wat hierbo uitgelig is, in openbare skole tot toepassing en uitdrukking te bring. Hierdie toedrag van sake neem egter nie die noodsaaklikheid daarvan weg nie, en ook nie die taak om dit waar moontlik in die praktyk tot toepassing te bring nie.

die beginsel van die kind se beste belang<sup>6</sup> op absolute wyse toegepas moes word omdat dit onvermydelik sou wees met die oog op die versorging van die beskuldigde se drie minderjarige kinders. Indien wel, wat word dan van straftoemeting vir kriminele oortredings as primêre funksie van die reg?

In sy uitspraak het regter Sachs klarigheid gegee oor die betekenis van die frase “die beste belang(e) van die kind” deur te stel dat hoewel die beste belang(e) van die kind inderdaad van deurslaggewende aard is, dit nie absoluut is nie. Dit kan nie in alle omstandighede alle ander oorwegings oortroef nie; die verskillende regte ter sprake behoort teen mekaar opgeweeg te word. Hy stel onder meer:

The determination of best interests will depend on the circumstances of each case.

Die uitgangspunte in die frases “die beste belange van die kind”, “in elke aangeleentheid wat die kind raak” en “van deurslaggewende belang”:

... is not an overbearing and unrealistic trump, it cannot be interpreted to mean that the direct or indirect impact of a measure or action on children must in all cases oust or override all other considerations.

In die lig hiervan wysig hy die straf tot korrektiewe toesig en nakoming van die hofbevel om alle gelde ter sprake aan die beskuldigde se bedrogslagoffers terug te betaal.

Hierdie uitspraak maak dit duidelik dat, hoewel die beste belang(e) van die kind 'n belangrike beginsel in wetgewing en regspraak in Suid-Afrika is, dit nie 'n absolute beginsel is nie. Die deurslaggewendheid daarvan hang soms van konteks en omstandighede (soos die botsing van belange of regte) en ook van die diskresie van regsprekende amptenare af. Die uitspraak het ook implikasies vir die gedagte van opvoedende onderwys. Die feit dat die regter dit noodsaaklik gevind het om die vonnis te verander vanaf tronkstraf, waardeur M se kinders haar ouerlike opvoedingsteenwoordigheid sou moes ontbeer, na korrektiewe toesig, waardeur haar kinders wel haar ouerlike teenwoordigheid mag geniet, dui daarop dat die regter 'n premie op opvoeding gelê het. Hy was skynbaar van oordeel dat, hoewel sy 'n misdadig begaan het en daarvoor moes boet, haar ouerlike teenwoordigheid by haar kinders van groter belang was. Omdat 'n ouer nie in eerste instansie 'n onderwysende verantwoordelikheid teenoor kinders het nie dog wel 'n opvoedende (vormende, toerustende) verantwoordelikheid teenoor hulle het, sou 'n mens kon redeneer dat die regter hier in die belang van die *opvoeding* van hierdie kinders beslis het.

<sup>6</sup> Die sogenaamde ‘paramountcy principle’ (Smit & Oosthuizen, 2013:223).

’n Mens bemerk ook hierdie ingesteldheid in ander beleidsdokumente insake die beste belange van die kind.

## 4. Volkeregtelike bepalinge rakende die beste belang(e) van die kind

Die *Geneefse Verklaring* se standpunt (vgl. die Inleiding hierbo) in 1924 word later in artikel 25(2) van die *Universele Verklaring van Menseregte* (VVO, 1948) bevestig as gestel word dat moeder- en kindskap geregtig is op spesiale versorging en bystand. Artikel 26 bevestig op sy beurt die reg op onderwys vir iedereen. Volgens De Villiers (1993:294) kan die daaropvolgende *Verklaring van die Regte van die Kind* (1959) as ’n riglyn vir morele handeling gesien word eerder as ’n regsdocument in die Volkereg. Twee rigtinggewende bepalinge rakende die regte van die kind word in Beginsel 7 van dié *Verklaring* vasgelê, te wete die kind se reg op onderwys, en dat die beste belange van die kind as riglyn behoort te geld vir diegene verantwoordelik vir die kind se onderwys en leidinggewing.<sup>7</sup> Enkele van die riglyne wat met die oog op die onderwys uitgespel word is:

- Die kind se kultuur moet deur middel van onderwys bevorder word.
- Die kind se vermoëns moet ontwikkel word.
- Die kind se sin vir ’n morele en gemeenskapsbewussyn moet uitgebou word.

Die VVO (1989) aanvaar enkele dekades later ook die *Konvensie oor die Regte van die Kind*. Suid-Afrika, soos baie ander lande, is ’n ondertekenaar daarvan (Dugard, 1994:214). Sloth Nielsen (1995:401, 408) beskou hierdie *Konvensie* as ’n deurbraak in die ontwikkelingsgeskiedenis van kinderregte. Sy vat die grondbeginsels wat in die *Konvensie* opgeneem is soos volg saam:

- Die beste belange van die kind wat veral in artikel 3 aan die orde kom word nie slegs pertinent beklemtoon nie maar in breedvoeriger terme as ooit voorheen omskryf.<sup>8</sup>

---

7 “The best interests of the child shall be the guiding principle of those responsible for his education and guidance”. (Hoewel die woord “education”, in die lig van ander internasionale verklarings, ook hier op “onderwys” dui, is daar tekens dat onderwys in breër konteks verstaan word, aangesien hier ook sprake is van kultuur, vermoënsontwikkeling, morele en gemeenskapsbewussyn. Hierdie is dus al ’n beduidende beweging in die rigting van opvoedende onderwys.)

8 “In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration”.

- Artikel 3 beklemtoon die oorlewing en die ontwikkeling van die kind.
- Artikel 1, saamgelees met artikel 12, verleen groter outonomie (selfbeskikking) aan die kind. So, byvoorbeeld, word die ouderdom van volwassenheid van ouderdom 21 na 18 verlaag. As gevolg hiervan verklaar Hafén en Hafén (1995) dat die kind se regsposisie verander het vanaf blote regsobjek tot dié van outonome regsobjek en draer van eie regte.
- Die noodsaak van gelyke behandeling van die kind word in artikel 2 beliggaam.

Hoewel al vier hierdie bepalinge of grondbeginsels regstreeks en/of onregstreeks te make het met die bevordering van die beste belange van die kind, neig hulle tot 'n mindere mate as artikel 7 van die *Verklaring van die Regte van die Kind* in die rigting van *opvoedende* onderwys.

## 5. Bepalings van die Suid-Afrikaanse Grondwet en onderwyswetgewing insake die beste belang(e) van die kind

Die Grondwet (SA, 1996) verskans al hierdie regte van die kind. In artikel 28(2) (SA, 1996) word gestalte gegee aan die volkeregtelike bepalinge rakende die beste belange van die kind (Currie & De Waal, 2018:603-619), soos hierbo omlyn. Daar word naamlik bepaal dat:

'n Kind se beste belange is van *deurslaggewende* belang in elke aangeleentheid wat die kind raak (nadruk toegevoeg).<sup>9</sup>

Wanneer dit egter by die vorming van die kind kom, bly die aandag vasgepen by “education” in die betekenis van “onderwys”. Van opvoedende onderwys is geen sprake nie. Artikel 1 van die oorkoepelende onderwyswet, die National Education Policy Act (RSA, 1996(b)), omskryf “education” derhalwe soos volg:

“... education” means any education and training provided by an education institution.

Ook die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996(c)) verwys slegs na “education” in die sin van “onderwys”.

<sup>9</sup> Die Engelse weergawe van artikel 28(2) stel dit nog sterker: “A child’s best interests are of *paramount* importance in *every* matter concerning the child” (nadruk toegevoeg).

## 6. Suid-Afrikaanse Regspraak insake die beginsel van die beste belang(e) van die kind

Die beginsel opgeneem in artikel 28(2) in die Grondwet is herhaaldelik in die Suid-Afrikaanse regspraak bevestig en die betekenis van die begrip die “beste belang(e) van die kind” uitgepluis. Die volgende is enkele van die uitsprake in hierdie verband:

### *Ouderdomsbepkering vir skooltoelating*

In *Harris v Minister of Education* (2000) word die saak in die Transvaalse Hoërhof behandel van ’n dogtertjie wat toegang tot ’n laerskool deur die Department geweier is op grond van die feit dat sy 11 dae te jonk was. Die onderwysbeleid stel naamlik:

A learner must be admitted to grade 1 if he or she turns seven in the course of that calendar year. A learner who is younger than this age may not be admitted to grade 1.

Die applikant, mev. Harris, het aangevoer dat haar dogter skoolgereed is en haar eis gebaseer op ’n sielkundige verslag. Sy het ook aangevoer dat die dogter reeds drie jaar voorskoolse onderwys voltooi het. Die verslag het trouens gemeld dat dit vir die kind weens haar skoolrypeidsvlak skadelik sou wees om nie tot graad een toegelaat te word nie. In die lig hiervan het die applikant gevolglik aangevoer dat:

- weiering om haar dogter toe te laat ongrondwetlik is in die sin dat dit ingevolge artikel 9 sou neerkom op onbillike diskriminasie op grond van ouderdom;
- dat dit in die lig van artikel 28(2) nie in die beste belang van die kind sou wees om haar toegang tot die skool te weier nie.

Die respondent, die Minister van Onderwys, het hierteenoor aangevoer dat die toelating van leerders onder sewejarige ouderdom tot die belemmering van leerlingdeurvloei in die skoolstelsel aanleiding gee weens onderjariges se hoë uitsaktyfer, en dat dit nadelige finansiële gevolge vir die onderwysdepartement inhou.

In sy uitspraak beslis regter Coetzee in die guns van die applikant, en stel onder andere dat die bepaling van die departementele beleid ongrondwetlik is omdat dat dit nie in die beste belang van die betrokke kind is nie. Hy vaardig ’n bevel uit dat die betrokke beleid gewysig moet word.

Hoewel hierdie hofuitspraak aantoon dat die betrokke dogtertjie se grondwetlike reg op onderwys in haar beste belang is, is daar geen

direkte verwysing na die belangrikheid van *opvoedende* onderwys nie. Daarbenewens onderstreep dié uitspraak ook die belangrike punt dat die beste belang(e) van die kind in sekere omstandighede deurslaggewend kan wees.

### ***Aanstelling van onderwysers***

In *The Governing Body of the Point High School and Point High School v The Head of the Western Cape Education Department and Others* (2006) was die aanstelling van die skoolhoof en die adjunkhoof onder die loep. Nadat die poste geadverteer is, is onderhoude gevoer en het die skoolbeheerliggaam die vereiste voorkeurlyste opgestel.

Die betrokke onderwysdepartement het egter in beide gevalle nie uitvoering gegee aan die skoolbeheerliggaam se voorkeurkeuses nie en ander kandidate (laeraf op die onderskeie voorkeurlyste) aangestel. Die respondent het in sy verweer aangevoer dat die onderwysdepartement sy keuses uitgeoefen het ooreenkomstig die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se *Employment Equity Plan*.

Die hof beslis ook hier ten gunste van die applikant en reik 'n bevel uit dat die departement se aanstellings geskrap en die kandidate volgens die skoolbeheerliggaam se voorkeurlyste aangestel moet word. As rede vir die uitspraak stel die regter dat dit in die beste belang van die skool se leerders is om die beste kandidate in dié twee sleutelposte te hê. Met verwysing na die beste belang(e) van die kind volgens artikel 28(2) van die Grondwet konkludeer hy soos volg:

Although all of the recommended candidates are suitable for appointment in a general sense, it cannot in my view be in the best interests of the learners to appoint a candidate who has been properly assessed to be significantly less suitable than some of the other recommended candidates, in the absence of any justifiable reason to do so.

Ook in hierdie geval handel die uitspraak nie oor die onderwys as sodanig of oor opvoedende onderwys nie, maar onderstreep andermaal die voorrang wat die beste belang(e) van die kind onder bepaalde omstandighede behoort te geniet. Dieselfde geld ook die volgende saak.

### ***Medium van onderrig***

In *Laerskool Middelburg en 'n Ander v Departementshoof, Mpumalanga Departement van Onderwys, en Andere*, het die applikante (die skoolbeheerliggaam van 'n laerskool) in die Transvaalse Hoërhof 'n saak aanhangig gemaak teen die onderwysdepartement wat besluit het om die

skool se medium van onderrig te verander vanaf Afrikaans na parallelmedium. Dit het gevolg op die toelating van 24 Engelssprekende leerlinge tot die skool aan die begin van die betrokke skooljaar. Intussen het nege maande van die skooljaar verloop.

Die applikant het aangevoer dat die onderwysdepartement nie die betrokke administratiewe proses volgens die voorgeskrewe prosedures bestuur het nie en dat dit gevolglik ongeldig is.

Regter Bertelsman se uitspraak was ten gunste van die respondent. In die uitspraak wys hy daarop dat hoewel die onderwysdepartement se optrede wel administratief ongeldig was, die betrokke leerlinge reeds nege maande lank in die skool was en dat hul skolasies skade kon ly as hulle verskuif sou word. Hy meld dat hy twee uiteenlopende regte in sy beslissing teenoor mekaar moes afweeg: enersyds die ongeldigheid van die departement se administratiewe proses en andersyds die beste belange van die kind – en dat die beste belange van die kinders in dié geval die swaarste weeg.

### ***Beskerming van die kind se welstand***

Ook hierdie hofspraak onderstreep die punt van die belangrikheid van die beste belang(e) van die kind. In die Konstitusionelehoofspraak *MEC for Education in Gauteng Province and Other v Governing Body of Rivonia Primary School and Others* was die hof beswaard oor die feit dat die strydende partye in 'n magstryd in die hof betrokke raak eerder as om die beste belange van die betrokke kind voorrang te laat geniet. In hierdie geval is die betrokke skool deur die provinsiale onderwysdepartement gedwing om 'n graad eenleerling by die skool in te neem ten spyte van die feit dat die skool reeds tot kapasiteit vol was. Die hof het nie slegs die onderwysdepartement gekritiseer vir die wyse waarop hulle die saak hanteer het nie, maar ook die skoolbeheerliggaam berispe omdat hulle om 'n hofbevel aansoek gedoen het om die leerling te laat verwyder sodat sy elders geplaas kon word.

Die regter het in sy uitspraak die hof se sentiment oor hierdie aangeleentheid soos volg verwoord:

Starting Grade 1 is a stressful and scary time for any child. Due to the failure of the parties to engage and reach agreement, the learner was physically placed at a desk and was caught in the middle of a disagreement which may well have been very traumatising for her.

Die hof het gevolglik nie die hofbevel toegestaan nie en die leerling is toegelaat om die skool verder by te woon.

## 7. Opvoedende onderwysessensies

Dit is uit die internasionale en nasionale verklarings, uit die tersaaklike wetgewing en 'n aantal gewysigdes duidelik dat die beste belang(e) van die kind besonder swaar weeg, en slegs in uitsonderlike gevalle nie voorrang sal geniet nie. Dit is ook uit sommige van die beleidsdokumente duidelik dat die onderwys van die kind as 'n aangeleentheid in die beste belang van die kind beskou word. Die blote feit dat daar wêreldwye programme is om te verseker dat in die onderwysbehoefte van kinders en jongmense voorsien word, is bewys hiervan. In die huidige program van die United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) se *Strategy 2014-2021* word daar byvoorbeeld gestreef na die voorsiening van omvattende onderwys vir almal. In die voorwoord tot die program word gestel dat hulle hul doelstellings wil bevorder “by reinforcing our coordination of the global Education for All (EFA) movement by enhancing our policy advice and capacity building with Member States” (UNESCO, 2014:3).

Wat 'n mens egter selde sien (in die voorgaande eintlik slegs eenkeer, in die verbygaan, soos aangemerkt in voetnota 7) is 'n aandrag op die opvoedende onderwys van die kind, dit wil sê 'n vorm van onderwys wat die kind ten volle, dus ook lewensbeskoulik-religieus toerus vir sy of haar lewenstaak. Hierdie vorm van toerusting gaan heelwat verder as blote onderwys, dit wil sê as blote kennisverkryging en -versameling en as die blote bemeestering van sekere (lewens)vaardighede (die eerste twee dimensies van opvoedende onderwys wat hierbo onderskei is). Opvoedende onderwys is in eerste en laaste instansie gerig op die gereedmaking van die kind of die jongmens vir sy of haar lewenstaak (die derde dimensie). Soos vermeld, het Martha Nussbaum (2011:23) dit vanuit haar “capabilities”-benadering tot die onderwys onder die aandag gebring dat die onderwys wat kinders ontvang opvoedend van aard behoort te wees deurdat dit die volgende vormende werk in belang van die kind doen<sup>10</sup>:

- Dit verskaf leiding aan die kind. Leidinggewing is meer as slegs die bybring van kennis en vaardighede. Dit verskaf lewensrigting aan die kind; dit lei die kind die toekoms in; dit verskaf rigsgnoere vir die toekomstige lewe as volwassene.
- Opvoedende onderwys verskaf ook begeleiding aan die kind. Die onderwyser is nie slegs 'n “dispenseerder” van eksamengerigte kennis

10 Wat nou hierna volg, is die outeurs van hierdie artikel se invulling van die opvoedingsessensies wat Nussbaum onderskei het. Hierdie uiteensetting beweeg nog op die tweede dimensie, aangesien dit so goed as geen blyke gee van verdiepte invulling vanuit enige lewensbeskoulik-religieuse perspektief nie.

en vaardighede nie, maar is ook as opvoeder ’n begeleier, dit wil sê ’n meer volwasse persoon wat die pad na die kind se toekoms saam met die kind stap, en dit in verantwoordelikheid vir en teenoor die kind en sy ouers doen.

- Opvoedende onderwys is ook ontvouing van die kind se potensiaal en vermoëns. Waar onderwys (blote onderrig en leer) gerig is op die ontsluiting van die kind se analities-logiese vermoë en potensiaal, is opvoedende onderwys gerig op die ontsluiting van al die kind se modale vermoëns en potensiaal.
- Dit is ook “voedend” van aard (vgl. die Engels “nurturing”). Die kind word nie gesien as ’n konstant-absorberende kennis- en vaardigheidsspons nie, maar wel ’n lewende wese wat deur opvoeding “gevoed” moet word ten einde tot waardige en volle volwassenheid te kom.
- Opvoedende onderwys is ook vormend (vgl. die Engels “shaping”). Soos ’n beeldhouer is die onderwyser as opvoeder deurlopend besig om te vorm aan die persoonlikhede, karakters, belangstellings en dies meer van die kinders wat in die skool aan hulle toevertrou is. Opvoedende onderwys is dus meer as blote eksamenafrigting, meer as bloot die rytjie punte wat op die kwartaalike rapport staan; dit is die vorming van die geheelpersoon, en hierdie vorming geskied in die rigting van die gewenste volwassenheidsbeeld wat die kind na afloop van sy of haar tyd in die skool behoort te vertoon.
- Opvoedende onderwys is voorts ook ontwikkelend. Hierdie punt hou verband met die ontvouing of die ontsluiting waarvan hierbo sprake was. Deur fase- en ouderdomsgepaste onderwyservaringe word die kind ontwikkel tot volwassenheid.
- Opvoedende onderwys omvat ook ’n element van afrigting of opleiding, maar nie soos van ’n troeteldier nie, dog wel op menswaardige manier sodat ’n bepaalde vaardigheid onder die knie gekry kan word. Ook hierdie element behoort in die teken te staan van die volledige en omvattende vorming en toerusting van die kind.
- Opvoedende onderwys behels voorts in-staatstelling, dit wil sê om die kind te voorsien van die ingeligte bevoegdheid en gewilligheid om as ’n doeltreffende volwassene te kan funksioneer in die hedendaagse wêreld met al sy eise, byvoorbeeld die eise op ons gewerp deur die vierde nywerheidsrewolusie (vgl. Van Dyk, 1993:160-161).
- Opvoedende onderwys is in die geheel gesien ’n toerustingshandeling. Die kind word toegerus vir sy of haar lewenstaak.

Die voorgaande uiteensetting van die opvoedende onderwysessensies verduidelik hoe opvoedende onderwys op die eerste twee dimensionele

vlakke verloop, met ander woorde sonder blyke van enige uitdruklike fundamentele lewensbeskoulike en/of religieuse begroning. Elkeen van hierdie opvoedingsessensies kan verder uiteengesit word op 'n wyse dat hulle ook blyke van derde dimensie-verdieping kan gee. So 'n stap kan lei tot die opbou van 'n hele opvoedingsuiteensetting of -filosofie. Hoe dit gebeur en wat die inhoud van so 'n filosofie is, hang van die lewens- en wêreldbeskouing en religieuse gerigtheid van die opvoeder af. Vir die Skrifgelowige opvoeder (opvoedende onderwyser) is dit nie bevredigend om slegs in terme van die eerste twee dimensies oor opvoedende onderwys te praat nie; die gesprek daarvoor behoort ook op die derde, die dieptedimensie van die lewensbeskoulike en selfs religieuse oortuigingsgronde en -toewyding te verloop. Ons probeer toon hoedat dit gedoen kan word deur in die volgende afdeling kortliks te handel oor wat die begrip "opvoedende onderwys" in die beste belang van die kind vanuit 'n reformatoriese gesigspunt beteken.

## 8. Opvoedende onderwys: 'n reformatoriese perspektief<sup>11</sup>

In 2003 verklaar die destydse Minister van Onderwys, Kader Asmal, in die *Beleid oor godsdiens in die onderwys* (SA, 2003:2) as uitbreiding van die National Education Policy Act (SA, 1996(b)), dat Suid-Afrika nie 'n sekulêre staat gekenmerk deur 'n streng skeiding tussen godsdiens en die owerheid of staat is nie. Volgens hom wil die owerheid 'n beleid van samewerking tussen godsdiens en die owerheid/staat volg. Desondanks stel die *Beleid* (SA, 2003:1) dat geen konfessionele onderwys in die openbare skole toegelaat word nie. Hierdie stipulasie, wat ook in die SA Skolewet (1996(c), art. 7) voorkom, maak in feite van die openbare skole sekulêre inrigtings, ten spyte van wat die Minister betoog, dit wil sê verklaar hulle tot inrigtings waarin geen konfessionele godsdiens of onderwys van enige aard toegelaat word nie. In die lig hiervan mag dit as 'n blote teoretiese oefening gesien word om vanuit konfessionele gesigshoek te praat van godsdiens- of lewensbeskoulik gefundeerde opvoedende onderwys in die openbare skole. Volgens huidige beleid geld slegs die beginsels van die regstaat soos vervat in die Grondwet (1996) as die oppergesag in en van die land. Hierdie beginsels, soos veral

11 Die term "reformatories" dui op 'n Christelike, Skrifgefundeerde benadering tot die werklikheid, en dus tot onderwys en opvoeding, wat op bepaalde kernpunte verskil van ander Christelike benaderings soos die Rooms-Katolisisme of charismatiese beskouings. Dit is ten diepste gefundeerd in die vyf sola's: Sola Gratia (slegs deur genade), Sola Fide (slegs deur geloof), Solus Christus (slegs Christus), Soli Deo Gloria (slegs die eer van God) en Sola Scriptura (slegs die Skrif).

saamgevat in hoofstuk 2 van die Grondwet en later vir onderwysdoeleindes verder uitgebrei in die *Manifesto on Education, Values and Democracy* (SA, 2001), is in wese humanisties (mensgesentreerd) en so geskryf (generies) dat hulle sover as moontlik deur alle Suid-Afrikaners as riglyne vir goeie burgerlike gedrag aanvaar kan word. Hoewel dit dus as 'n futiele oefening gereken kan word om te besin oor opvoedende onderwys vanuit reformatoriese perspektief, moet dit nogtans (en nogeens, aangesien daar al heelwat hieroor besin is) aangepak word.

'n Kernvers wanneer dit kom by 'n reformatoriese benadering tot opvoedende onderwys is 2 Timoteus 3:16-17: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” Hierdie Bybelgedeelte omskryf opvoedende onderwys in Skriftuurlike lig op kernagtige wyse:

- Die Skrif is nuttig tot lering: die kind as opvoeding leer nie slegs die inhoud van die Skrifopenbaring self nie, maar ook van die hele geskape werklikheid, en ook dat die hele skepping deur God self tot stand gebring is met die mens as God se rentmeester daarin om dit te onderwerp, daaroor te heers (kultuur te skep) en dit te bewaar (die sogenaamde Groot Mandaat of Opdrag van die mens, Gen. 1:28 en 2:15).
- Die Skrif is ook nuttig tot weerlegging: die kind wat toegerus en opgevoed is in die kennis aangaande God, die skepping, die werking van goddelike wette in die skepping en aangaande die rol en taak van die mens in die skepping (Deut 6:6-8), behoort in staat te wees om enige lering wat met God se openbaring aan die mens in stryd is, te kan weerlê.
- Die Skrif is ook nuttig tot teregwysing wanneer iemand, ook die kind, hom of haar misgaan of wangedra, dit wil sê dissipline in positiewe (regstellende, helende) opsig, met die oog op restituisie. Hierdie “terug-op-die-spoor-bring” van die kind is opvoedend, dus toerustend van aard, en gevolglik in belang van die kind.
- Die Skrif is ook nuttig tot onderwysing, nie slegs in kennis van die alledaagse nie — dit ook, uit die aard van die saak — maar veral in kennis van wat moreel aanvaarbaar en regverdig is. Die Skrif is ten diepste die mens se rigskoer vir moreel-aanvaarbare gedrag. Morele vorming is dus ook 'n element van reformatoriese opvoedende onderwys. Dit wys op die Groot Gebod wat die mens behoort te gehoorsaam (Mat 22:37-39).
- Die aanhaling uit 2 Timoteus bevat ook 'n belangrike mensbeskoulike perspektief. Dit verwys na die mens as “die mens van God”. Die mens is nie slegs deur God geskep nie, maar staan ook in 'n onmiddellike verhouding met God, en is aan Hom verantwoordelik vir die wyse waarop hy of sy

hulle pligte in die lewe nakom. Dit is vir die doeleindes van opvoedende onderwys van kernbelang om te verstaan dat elke kind waarmee 'n mens te doen het “mens (geskapene) van God” is, *imago Dei* is, en as sodanig gelei, toegerus en ontvou behoort te word.

- Al die voorgaande is gerig op die opvoedende onderwysdoel, en dit is waarom hierdie aanhaling uit 2 Timoteus voortgaan met die woord “sodat”. Die voorgaande is opvoedende onderwyshandeling wat almal saam moet lei tot die verwesenliking van die opvoedingsdoel, naamlik om die mens, as beeld van God, volkome te laat wees. Die woorde “volkome wees” dui nie op volmaaktheid nie; die mens bly 'n in-sonde-gevalle wese wat steeds afhanklik is van verlossing deur Jesus Christus en heiligmaking deur die Heilige Gees, maar kan 'n moreel- en andersins goedgevormde wese wees, iemand wat sy plek as volwassene kan volstaan, in verantwoordelikheid voor God sy of haar pligte in die lewe kan nakom. “Volkome wees” dui hier met ander woorde op volledige toegerustheid deur middel van opvoeding en dus opvoedende onderwys in die skole. Die frase “vir elke goeie werk” dui daarop dat opvoedende onderwys, soos alle fasette van die Christen se lewe 'n sterk morele ondertoon het (Vorster, 2017:406). Die frase “volkome wees” lê ook 'n dure plig op die onderwyser as opvoeder. Stevens (2011:11, 12) vat die onderwyser se taak kernagtig soos volg saam: “... niet als drager van ... kennis, maar als tactvol en tegelijk overtuigend handelend vanuit een normatief kader; ... niet volgens wetenschappelijke voorschriften met voorbijgaan aan eigen waarden en emoties en daarop gebaseerde motieven”.
- 2 Timoteus 3:17 eindig met die betekenisvolle frase “volkome toegerus”. Hierdie frase dui op wat meermale hierbo gestel is, naamlik dat opvoeding, en dus ook opvoedende onderwys, in wese die volledige toerusting van die kind is. Om so, intensioneel, lewensbeskoulik-religieus-begronde, toegerus te wees is volgens die Skrif in die beste belang van die kind.

## 9. Slotsom

Die verskillende beleidsdokumente en die daarop gebaseerde wetgewing aangaande die regte van die kind onderstreep tereg en deurgaans die beste belang(e) van die kind. Nadere ondersoek bring egter aan die lig dat, hoewel die noodsaaklikheid van erkenning en eerbiediging van die beginsel van die beste belang(e) van die kind telkens gestel en beklemtoon word, onder meer in hofuitsprake, hierdie beginsel nie ten volle eerbiedig word in die openbare onderwys in Suid-Afrika nie. In die Suid-Afrikaanse onderwyswetgewing is die klem hoofsaaklik op onderwys as die oordrag of die bybring van kennis en

vaardighede, en word die intensionele lewensbeskoulik-religieuse vorming en toerusting van die kind in sy of haar belang deur die vingers gekyk. Daar behoort in hierdie beleidsdokumente en in wetgewing na opvoedende onderwys verwys te word in plaas van net na onderwys. Opvoedende onderwys is ’n begrip wat moeilik in Engels vertaalbaar is, maar miskien kan “educative or educational teaching” daarvoor aangewend word. Dit, in sigself, is egter nog nie voldoende nie; dit laat slegs ruimte vir opvoedende onderwys op die eerste twee dimensies van opvoedende onderwys.

Hoewel dit in die huidige politiek-staatkundige bedeling in Suid-Afrika onmoontlik is om opvoedende onderwys geskoei op die een of ander konfessionele lewensbeskoulik-godsdiensgrondslag in die openbare skole in te voer, bly dit nodig om te let op die verdiepte dimensie wat ’n reformatoriese benadering aan opvoedende onderwys verleen. Dit wys daarop dat daar ’n dieptegang is vanaf blote onderrig en leer (onderwys), via sekulêre opvoedende onderwys tot konfessioneel-begronde opvoedende onderwys, soos aan die hand van die reformatoriese benadering aangetoon is.

## Bibliografie

ALT, R.A. & EBERLY, R.A. 2019. Between campus and planet: toward a humanistic paideia. *Review of Communication*, 19(2):94-110.

CAMBRIDGE. 2002. *International Dictionary of English*. Cambridge: Cambridge University Press.

CILLIERS, S. 2020. Leerplan dalk gesny. *Beeld*, 20 April. (p.2).

CURRIE, I. & DE WAAL, J. 2018. *The Bill of Rights Handbook*. Claremont: Juta en kie.

DE MUYNCK, A. & VAN DER WALT, J.L. 2006. *The call to know the world*. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.

DE VILLIERS, B. 1993. *The rights of children in international law: Guidelines for South Africa*. Stellenbosch Law Review, 294.

DUGARD, J. 1994. *International Law: a South African perspective*. Kenwyn: Juta en kie.

Geneva Declaration: sien Geneefse Deklarasie

GENEEFSE DEKLARASIE VAN DIE REGTE VAN DIE KIND. 1924. (<https://www.unicef.org/child-rights-convention/history-child-rights>) (Geraadpleeg 14 April 2020.)

- 
- HAFEN, C. & HAFEN, J.O. 1995. *Abandoning children to their rights*. <http://www.firstthings.com/ftissues/ft9508> (Geraadpleeg 7 April 2020.)
- HLATSHANENI, S. 2020. Schools offer no religious freedom. *The Citizen*, 5 Maart. (p. 5).
- NUSSBAUM, M.C. 2011. *Creating capabilities*. Cambridge Mass.: Harvard University Press.
- KIRBY, P.T. 1995. Aspects of employment of children in the British coal mining industry 1800-1872. Sheffield: University of Sheffield (PhD thesis).
- SA: sien South Africa
- SÄFSTRÖM, C.A. 2019. Paideia and the search for freedom in the educational formation of the public today. *Journal of Philosophy of Education*, 53(4):607-618.
- SLOTH NIELSEN, J.1995. Ratification of the U.N. Convention on the Rights of the Child: some implications for SA law. *SA Journal for Human Rights*, 11(3):401-420.
- SMIT, M. & OOSTHUIZEN, I.J. (Eds.) 2013. *Fundamentals of Human Rights and Democracy in Education*. Pretoria Van Schaik.
- SOUTH AFRICA. 1996. *The Constitution of the Republic of South Africa, 108 of 1996*. Pretoria: Government printers.
- SOUTH AFRICA. 1996(b). *National Education Policy Act, 27 of 1996*. Pretoria: Government printers.
- SOUTH AFRICA. 1996(c). *South African Schools Act, 84 of 1996*. Pretoria: Government printers.
- SOUTH AFRICA. 2001. *Manifesto on Values, Education and Democracy*. Pretoria: Departement van Onderwys.
- SOUTH AFRICA. 2001. *Education white paper 5 on early childhood education*. Pretoria: Departement of van Basiese Onderwys.
- SOUTH AFRICA. 2003. *National Policy on Religion and Education*. National Education Policy Act 27. Government Gazette No. 25459. Vol. 459 – 12 September 2003.
- SOUTH AFRICA. 2011. *Curriculum and assessment policy statement*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
- SOUTH AFRICA. 2013. *National plan of action for children 2012-2017*. Pretoria: Department of Women, Children and People with disabilities.
- SOUTH AFRICA. 2014. *Screening, Identification, Assessment and Support-beleid (SIAS)*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
-

- STEVENS, L. 2011. Grenzelose opvoeding, pedagogiek tussen wetenskap en praktijk. In: Broer, N., H de Deckere, M. Meer, T. Notten & J. Stakenberg. 2011. *Grenzelose Pedagogiek*. Eindhoven: Vereniging tot Bevordering van de Studie der Pedagogiek. (pp. 9–13).
- UNESCO, 1957. *Declaration of the Rights of the Child*. The Unesco Courier, no.10.
- UNESCO, 1995. *Convention on the Rights of the Child: Unesco's contribution*. Paris: Unesco.
- UNESCO, 2001. *General Conference. Bioethics and the rights of the child*. Unesco: Paris.
- UNESCO. 2000. *Education for All*. Program aanvaar deur die Dakar Framework, Senegal. April 2000.
- UNESCO. 2014. *Education Strategy 2014-2021*. Paris: United Nations Educational Scientific and Cultural Organization.
- UNHCR, 2008. *Guidelines on determining the best interests of the Child*. United Nations High Commissioner for Refugees.
- UNICEF 1924. *Verklaring oor die regte van die kind*. (<https://www.unicef.org/child-rights-convention/history-child-rights>).
- VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1983. *Fundamentele Opvoedkunde vir Onderwysstudente*. Silverton: Promedia Publikasies.
- VAN DYK, J. 1993. The practice of teaching Christianly. In: Fowler, S., Van Brummelen, H. W. & Van Dyk, J. 1993. *Christian schooling: Education for freedom*. Potchefstroom: IRS. (pp. 155-168).
- VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. 1948. *Universele Verklaring van Menseregte*. New York: Algemene Vergadering van die Verenigde Volke Organisasie.
- VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. 1959. *Verklaring oor die Regte van die Kind*. New York: Algemene Vergadering van die Verenigde Volke Organisasie.
- VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. 1989. *Konvensie van die Regte van die Kind*. New York: Algemene Vergadering van die Verenigde Volke Organisasie.
- VERENIGDE VOLKE-ORGANISASIE. 1999. *The Right to Education (VVO dokument E/C12/1999/10)*. New York: Verenigde Volke-organisasie.
- VORSTER, J.M. 2017. *Ethical perspectives on human rights*. Potchefstroom: Theological Publications.
- VVO: sien Verenigde Volke-organisasie

## **Hofsake**

*Harris v Minister of Education 2000* (saak 30218/2000) (T).

*Laerskool Middelburg en 'n Ander v Departementshoof, Mpumalanga Departement van Onderwys, en Andere*, 2003(4) SA 160 (T).

*MEC for Education in Gauteng Province and Other v Governing Body of Rivonia Primary School and Others*, 2013(6) SA 582 (CC).

*S v M* 2007(2) SACR 539 (CC).

*The Governing Body of the Point High School and Point High School v The Head of the Western Cape Education Department and Others of 2006*, Cape of Good Hope Provincial Division (saak 14188/2006) (C).